## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

DEUS EST VITA

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

---

**45% WATERBEPERKINGS \ 45% WATER RESTRICTIONS \ 45% UKUTSHATHWA KWAMANZI**



***Gebruik water spaarsaam. Elke druppel tel.***

***Use water sparingly. Every drop counts.***

***Ukusetyenziswa kwamanzi ngokukhawuleza, Wonke amanqaku okulahla.***

---

# NOTULE VAN DIE SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP VRYDAG 20 JULIE 2018 OM 11:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

**TEENWOORDIG**

**LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | | |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me) | [DA] | | |
| Rdl. JC Botha | [DA] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me) | [ANC] | | |
| Rdd. SIJ Smit | [ANC] | | |
| Rdl. BJ Claasen | [ANC] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. M Crous | : | Direkteur Finansiële Dienste – waarnemend |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. H Kröhn | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. AJ Willemse | : | Projekbestuur: Assistent |
| Mnr. AW Rheeder | : | Bestuurder: Administrasie |
| Mnr. M Sheldon | : | Hoof: Kommunikasie |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat en Rekordbestuur |
| Me. S Willemse | : | Klerk: Komitees |

***

AKSIE

**RVN001/07/2018**
**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>**

Eerwaarde Dr Adonis C Booyse van die Mount Olive Gemeenskapskerk, Piketberg, open die vergadering met skriflesing en gebed, waarna die Speaker hom bedank vir die boodskap.

‘n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die publiek en Raadslid R Swartz: Speaker van Weskus Distriksmunisipaliteit.

***

**RVN002/07/2018**
**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**
**3/3/1/4**

Raadsheer Claassen – verskoning
Raadsheer Swart – afwesig
Direkteur Finansiële Dienste – ander munisipale verpligtinge

***

**RVN003/07/2018**
**<u>VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**3/3/1/6**

<u>Die Speaker doen die volgende mededelings:</u>

**<u>LEED</u>**

- Dat Mnr. Johan Engelbrecht (Ingenieur: Projekte) oorlede is op Maandag 16 Julie 2018; en
- Dat Mnr. Brian Johnson (Velddrif), werksaam in die Tegniese afdeling, oorlede is op Donderdag 19 Julie 2018.

Die Speaker bied 'n minuut van stilte om eer te betoon aan die twee kollegas en hul families, waarna hy geleentheid bied aan Mnr. Willemse om 'n kort woord te spreek ter nagedagtenis van Mnr. Engelbrecht.

***

**RVN004/07/2018**
**<u>VERKIESING VAN UITVOERENDE BURGEMEESTER</u>**
**3/2/1/2**

Die Speaker versoek die Munisipale Bestuurder om nominasies te vra vir die amp van Uitvoerende Burgemeester.

Een nominasie word op die geskrewe vorm ingedien deur Raadslid Daniels.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die nominasie voldoen aan die wetlike vereistes.

Na die sluiting van nominasies, kondig die Speaker aan dat Raadsheer van Rooy onbestrede verkies is as Uitvoerende Burgemeester van Bergrivier Munisipaliteit.

Die Speaker, ANC-koukus en die Munisipale Bestuurder wens hom geluk en sterkte toe in die amp as Uitvoerende Burgemeester van Bergrivier Munisipaliteit.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

*MUNISIPALE BESTUURDER*

Dat Raadsheer RM van Rooy as die nuutverkose Uitvoerende Burgemeester van Bergrivier Munisipaliteit verkies word.

***

**RVN005/07/2018**
**TOESPRAAK DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**
**11/1/1**

Die Speaker bied die nuutverkose Uitvoerende Burgemeester die geleentheid om sy toespraak te lewer.

Die Uitvoerende Burgemeester lewer sy toespraak en meld onder andere dat sy visie vir Bergrivier as Uitvoerende Burgemeester ondervang word deur Bergrivier Munisipaliteit se algehele visie.

***(Sien aangehegte toespraak – Bylae A)***

Die Uitvoerende Burgemeester bedank almal vir hul liefde, ondersteuning en opwagting en meld dat sy vertroue rus op God, sy koukus, die Opposisie, Munisipale Bestuurder, Direkteure, Administrasie en elke werker.

Namens die ANC-koukus wens Raadsdame Smit die nuutverkose Uitvoerende Burgemeester geluk, waarna Raadslid Daniels hom namens die DA-koukus geluk en sterkte toewens.

Die Munisipale Bestuurder wens die nuutverkose Uitvoerende Burgemeester namens die Administrasie geluk en meld dat sy die visie ondersteun van die Uitvoerende Burgemeester.

***('n Fotosessie vind plaas)***

***

**RVN006/07/2018**
**AANWYSING VAN ARTIKEL 80 KOMITEES**
**3/2/2**

Die Speaker bied die geleentheid aan die Munisipale Bestuurder om die aanbevelings aan die Raad voor te lees.

Raadsdame Smit bevestig dat alle lede van die ANC-koukus dieselfde bly.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad die onderstaande portefeuljekomitees (Artikel 80 van die Strukturewet) instel, naamlik:
    - Tegniese Dienste Komitee
    - Finansiële Dienste Komitee
    - Gemeenskapsdienste Komitee;

*DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE*

2. Dat die getal lede van elke komitee (uitgesonder die Voorsitter) bestaan uit drie DA-lede en een ANC-lid;

3. Dat Raadslede aangewys word om op die portefeulje komitees te dien;

4. Dat die Uitvoerende Burgemeester 'n Voorsitter vir elke portefeuljekomitee vanuit die lede van die Burgemeesterskomitee aanwys;

5. Dat die Raad kennis neem van elke portefeuljekomitee se rol en funksie;

6. Dat die Raad die Artikel 79 Komitee aanwys en bepaal wie die Voorsitter is;

7. Dat beide partye die geleentheid gebied word om hul lede deur te gee aan die Munisipale Bestuurder teen Vrydag 27 Julie 2018; en

8. Dat die ANC-koukus se Komiteelede onveranderd bly.

***

**RVN007/07/2018**
**<u>AANWYSING VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE</u>**
**3/2/1/2**

Die nuutverkose Uitvoerende Burgemeester kondig die onderskeie portefeulje voorsitters aan, naamlik:

**<u>Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat Raadsdame SM Crafford aangewys word as die Portefeulje Voorsitter vir die Finansiële Dienste Komitee;
2. Dat Raadslid M Wessels aangewys word as die Portefeulje Voorsitter van die Tegniese Dienste Komitee; en
3. Dat Raadslid AJ du Plooy aangewys word as die Portefeulje Voorsitter van die Gemeenskapsdienste Komitee.

***

**RVN008/07/2018**
**<u>ESTABLISHMENT OF A SECTION 79 COMMITTEE FOR BERGRIVIER MUNICIPALITY</u>**
**3/2/1/2**

The Municipal Manager gave a brief background, whereafter she took the Council through the recommendations.

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTION</u>**

1. That Council establish a section 79 committee to serve as a standing committee for the Corporate Services functions identified in the approved macro structure;

2. That all reports from the committee be submitted to the Executive Mayor via the Mayoral Committee in terms of section 56(1) of the MSA and dealt with in terms of the approved delegations of Council;

3. That the following members of council serve as members of this committee namely: Three (3) DA-members (excluding the Chairperson) and One (1) ANC-member and that both parties be afforded an opportunity to forward their representatives to the Municipal Manager before Friday 27 July 2018;

4. That the roles and responsibilities in terms of Section 53 of the Systems Act (2000) be applicable to this Committee for all functions approved for Corporate Services in the organizational structure;

5. That the committee be called the Corporate Services Committee;

6. That the duties and powers associated with all functions of Corporate Services be delegated to the committee and that the delegations register of the Municipality be updated to reflect same;

7. That Councillor Jakobus Daniels be appointed as chairperson of this committee;

8. That the Chairperson be remunerated as prescribed in the Upper Limits Notice for Councillors as a Section 79 Committee Chairperson; and

9. That the procedures as determined in Bergrivier Municipality Rules of Order for Council be applicable *mutatis mutandi* to this committee.

The Speaker congratulated Councillor Daniels on his appointment as Chairperson of the Section 79 Committee: Corporate Services.

***DIRECTOR CORPORATE SERVICES***

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:05*

***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________ ______________________

***VOORSITTER (SPEAKER)*** ***DATUM***